

# Prof E P Groenewald se bydrae as Bybelvertaler: 'n Historiese oorsig<sup>1</sup>

## ABSTRACT

### **The role of prof E P Groenewald as Bible translator: a historical overview**

Professor E P Groenewald is regarded as a great South African theologian, thé Nestor of the New Testament science and the doyen of New Testament research and exegesis in SA. He taught New Testament subjects as professor at the Faculty of Theology (Section B – DRC) at the University of Pretoria for 33 years. He served as dean of the Faculty for 21 years (1948-1969). As writer of Afrikaans theological literature he undeniably fulfilled the role of a pioneer. He received various important awards for his work. He made a significant contribution to Afrikaans Bible translation and translatory science. He regarded his own contribution to the 1983 New Afrikaans Translation of the Bible as the crown on his labours.

## 1. KROON OP LEWENSARBEID

Op 2 Junie 2005 sal die geboortedag van die invloedryke Suid-Afrikaanse Nuwe Testamentikus prof E P Groenewald honderd jaar gelede herdenk word. Hopelik sal daar op gepaste wyse gedurende 2005 “voorraad” van Groenewald se nalatenskap geneem word. Hy het op verskeie gebiede belangrike bydraes gelewer. Dit is egter vanweë sy bydrae as Bybelvertaler dat hy nie gou vergeet sal word nie. Sy eie betrokkenheid by die verskyning van die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) in 1983 het hy as die kroon op sy lewensarbeid beskryf (Terblanche 1998:528). Met die herdenking van die tweehonderdjarige bestaan van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap op 7 Maart 2004, is dit gepas dat Groenewald se bydrae as Bybelvertaler ter viering van die historiese geleentheid in herinnering geroep word.

## 2. TOEGERUS VIR TAAK

Groenewald was uitmuntend toegerus vir sy taak as Bybelvertaler. Op Stellenbosch het hy vir die graad BA die taalkursusse Latyn I, Engels I, Hebreeus I, Afrikaans-Nederlands III en Grieks III geslaag. In sy tweede jaar aan die Kweekskool op Stellenbosch (1927) het hy ook die eksamen vir die graad MA in Grieks afgelê. Hy het verder die gebruikelike teologiese vakke waaronder Ou en Nuwe Testament Eksegese gevolg. Vanaf 1929 studeer hy aan die Vrije Universiteit in Amsterdam. Sy hoofvak was die Nuwe Testamentiese wetenskap met ook Siries as verpligte vak. As onderwerp

---

1 Dr S S Terblanche, Navorsingsgenoot Departement Kerkgeskiedenis, UP.

vir sy studies het sy promotor prof F W Grosheide aanbeveel dat hy oor Bybelvertaling moes skryf. Dit was juis in dié tyd toe die vertaling van die Bybel in Afrikaans in Suid-Afrika aan die gang was en die Nederlandse Bybelgenootskap, onder voorsitterskap van sy promotor prof Grosheide, besig was om aan 'n nuwe Nederlandse vertaling te werk. Die saad vir sy latere betrokkenheid by die Afrikaanse Bybelvertaling is waarskynlik hier gelê. Groenewald het hom egter destyds te onkundig geag om oor so 'n kontensieuse onderwerp te skryf. Hy het in 1932 met lof gepromoveer met as onderwerp vir sy proefskrif *Koinonia (Gemeenskap) by Paulus* (Terblanche 1998:182vv,193 en 197).

Groenewald was verskillende tale magtig wat vir hom die deur na 'n verskeidenheid kommentare en Bybelvertalings geopen het. Piet Meiring skryf in *Die Saaier*, (1978:8-9), dat Groenewald omring was van "...Bybels in seker tien verskillende tale, want prof Groenewald lees naas Hollands en Engels, Hebreeus en Grieks, Latyn en Frans, ook Duits en Deens" (Terblanche 1998:531). Hy is oor 'n lang periode ook prakties vir sy taak as Bybelvertaler toegerus. Soos in die geval van die Bybelvertaler van die 1933-vertaling, prof J D du Toit (Totius), kan verklaar word dat Groenewald ook oor "hoogs gespesialiseerde kennis" beskik het (prof S du Toit oor die *Aandeel van prof J D du Toit aan die Afrikaanse Bybelvertaling* (Terblanche 1998:530).

Voordat Groenewald betrokke sou raak by die werk aan die NAV, was hy betrokke by 'n ander belangrike publikasie. Een van die bakens langs die pad van die Afrikaanse Bybelvertaling waarby hy ten nouste betrokke was, is *Die Bybel met Verklarende Aantekeninge, Deel III* wat in 1959 verskyn het. Hy het op die redaksie van dié Bybel gedien (XI). Hy was verantwoordelik vir die bewerking van Markus, 1 en 2 Korintiërs en Openbaring. Die doel was dat dit "... 'n studiebybel vir die individuele gelowige (moet) wees" (VII). In *Die Volksblad* van 22 Mei 1959 het 'n foto verskyn van die oorhandiging van die volledige stel van drie dele deur die redaksie aan dr A J van der Merwe as Voorsitter van die Raad van Ned Geref Kerke, en waarop Groenewald ook verskyn. In 'n meegaande berig is soos volg gerapporteer: "aan hierdie monumentale werk, wat beskou word as die beste in die wêreld, het sowat twintig godgeleerdes van die drie Afrikaanse Susterkerke ... vyf jaar gewerk....".

Vanaf 1938 tot 1970 tree hy as hoogleraar en Departementshoof van die Departement Nuwe Testamentiese Wetenskap aan die Teologiese Fakulteit (Afdeling B: NGK) van die Universiteit van Pretoria op. 'n Groot getal publikasies waaronder Bybelse kommentare, wetenskaplike artikels, resensies asook populêre artikels wat sy eie en ander navorsing op sy vakgebied bekendgestel het, het uit sy pen die lig gesien (vgl Terblanche 1998:371-413). Verdere toerusting het hy verkry deur die verskillende kerklike kommissies rakende Bybelvertaling waarop hy vir baie jare gedien het.

Een van sy mede Bybelvertalers en lid van die Eindredaksie, prof Tjaart van der Walt, het Groenewald beskryf as "ongetwyfeld dié Nestor van die Nuwe Testamentiese wetenskap in Suid-Afrika ... Hy is 'n Nuwe Testamentiese ensiklopedis". In 1970 het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom die eerste Stals-prys vir Teologie toegeken vir sy "reusebydrae tot die uitbouing van 'n Suid-Afrikaanse Teologie" (*Matieland* April 1971:14). J A Heyns het tydens die oorhandiging van die prys die volgende gesê: "'n oorsig oor die teologiese denke in Suid-Afrika sal nie geskryf kan word sonder vermelding van die naam van E P Groenewald nie – ewe min sal sy naam mag ontbreek in die lys van tweede generasie van Bybelvertalers ...".

### 3. BYBELVERTALING EN DIE AFRIKAANSE TAAL

In sy voordrag op 14 Julie 1967 te Turfloop getiteld *Afrikaans New Testament Problems* behandel Groenewald die voorsprong wat die Afrikaanse vertaler van die Nuwe Testament bo sy voorgangers van veertig jaar gelede gehad het. Hy wys egter op 'n aantal probleme wat die vertaler

in sy tyd konfronteer. Hy verwys veral na drie probleme (2-6) wat hy volledig, met vermelding van die bewysplase en vergelykende Griekse woorde, soos dit veral in die vierde Evangelie na vore kom, behandel. Eerstens wys hy daarop dat “Afrikaans, a more analytic language, must now serve as vehicle for thoughts expressed in the synthetic language of the original text. In comparison with Attic Greek the Koinê had suffered considerable weakening and simplifying of grammatical forms; nevertheless, it remained a synthetic language.” Tweedens wys hy op die probleem van die aanwending van die Afrikaanse idioom. Laastens wys hy daarop dat “(t)he intelligibility of the translation is of paramount importance. A translation could be a precise rendering of the original and yet be obscure. In such cases improvement is imperative.”

Hy het aan die stryd vir die erkenning van die Afrikaanse taal tydens sy studentejare (1923-1928) op Stellenbosch deelgeneem. In ’n artikel *Die Afrikaanse Bybel (1933-1983) in perspektief beskou* (NGTT Deel XXV Nr 1 Januarie 1984: 8-17) wys Groenewald daarop dat in die ontwikkeling van die Afrikaanse taal die 1933-vertaling ’n ongeëwenaarde prestasie was. Hy bring hulde aan die vertalers en die taaladviseurs van daardie tyd: “Hulle het oortuigend die bewys gelewer dat Afrikaans as taal sy bestaansreg verower het, en dat die jong taal in staat is om as draer te dien van die suiwerste geestelike waardes, ja, van die openbaring van God aan die mens” (12-13). Tot 1933 het min Afrikaanse teologiese publikasies verskyn. Skrywers het gewoonlik Engels of Nederlands as medium gebruik.

Groenewald het eger van die begin van Afrikaans as medium gebruik gemaak. Sy bydrae het daadwerklik gehelp dat die sukkelende Afrikaanse teologiese literatuur sy kinderskoene ontgroe. Oor ’n tydperk van meer as veertig jaar het hy ’n magdom Afrikaanse teologiese literatuur, ingesluit Bybelvertaling, gepubliseer. Vir sy skryfwerk in Afrikaans het hy groot eer, erkenning van verskeie oorde en die hoogste toekenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang (Terblanche 1998:371-372, 413).

#### 4. VOORTGAANDE HERSIENING: NUWE AFRIKAANSE VERTALING

Groenewald se bydrae in bovermelde verband word vervolgens aangetoon:

##### **4.1 Lid Kommissie van vakkundiges: voorsitter interkerklike Hersieningskommissie**

Groenewald is op die Raad van Kerke se sitting te Bloemfontein op 16 Mei 1951 (Handelinge 22ste vergadering:43) as voorsitter van die Kommissie vir Bybelverklaring gekies. Teen die einde van 1953 het die hersiene Afrikaanse Bybel die lig gesien (Smit 1970:231). As wesenstaak van die kerk het dit nodig geblyk dat ’n voortgaande hersiening van die Bybel noodsaaklik is. Tydens die vier-en-twintigste vergadering van die Raad van N G Kerke in Durban op 8 Junie 1955 is besluit dat die hersiening van die vertaling voortgesit behoort te word deur ’n kommissie van vakkundiges waarop al drie die Afrikaanse Kerke verteenwoordig is. Groenewald is as Nuwe Testamentikus deur die Raad van Gefedereerde N G Kerke op die Kommissie benoem (Van Zyl en Swanepoel 1972:34-36).

Op die derde vergadering van die Kommissie op 25 Maart 1966 te Potchefstroom is Groenewald as nuwe voorsitter in die plek van prof B B Keet wat bedank het, gekies (Van Zyl 1984:29). Groenewald het die vertroue van die drie Afrikaanse Kerke se verteenwoordigers geniet.

##### **4.2 Die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling**

###### *4.2.1 Bybelvertalerseminaar te Turfloop*

Ten einde Bybelvertalers vertrou te maak met die nuutste vertalingsbeginsels en hulle ’n kans te gee om die wetenskaplike beginsels in die praktyk onder leiding van ervare persone toe te pas, het die Bybelgenootskap in Julie 1967 ’n baie belangrike vertalerseminaar te Turfloop gereël. Dr E A

Nida, Sekretaris vir Vertalings van die Amerikaanse Bybelgenootskap en 'n gesaghebbende linguïst, (Smit 1970:237 en Van Zyl & Swanepoel 1972:46-47) het 'n aantal lesings oor Bybelvertaling gehou. Hy het onder andere die proses bekend as dinamies-ekwivalente vertaling, breedvoerig verduidelik. Wat in die referate bespreek is, is saamgevat in sy publikasie *The theory and practice of translation*, 1969. Groenewald en Van Zyl lewer by die geleentheid onderskeidelik twee referate oor die onderwerpe *Afrikaans NT Translation Problems* en *Afrikaans OT Translation Problems*.

#### 4.2.2 *Seminaar Universiteit van Pretoria*

In Julie 1968 het die Bybelgenootskap 'n seminaar by die Universiteit van Pretoria vir vertalers van die Afrikaanse Bybel en ander belangstellendes gehou. Na afloop van die seminaar het die Kommissie vir die Hersiening van die Afrikaanse Bybelvertaling op 5 Julie 1968 onder voorsitterskap van Groenewald, eenparig besluit dat die tyd aangebreek het "... dat gewerk word aan 'n vernieuende vertaling wat rekening hou met die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelepe tydperk en die resultate van wetenskaplike ondersoek, so getrou as moontlik aan die grondteks; 'n waardige vertaling wat ons volk aanspreek binne en buite die kerk, in die ere diens en huislike gebruik, in ons teenwoordige situasie en tyd" (Van Zyl & Swanepoel 1972:48; Smit 1970:233). Verder is besluit dat die vertalers gedurende 1 tot 19 Julie 1969 aan die Natalse Suidkus te Hibberdene sou saamtrek om gesamentlik die tyd aan vertaalwerk te bestee.

Werk aan die nuwe vertaling moes dadelik begin. Ds J T M van Arkel het versoek dat 'n proefvertaling gereed gemaak moet word ten einde saam te val met die 150-jarige bestaan in 1970 van die Bybelgenootskap in SA. Van Zyl (1972:49) meld dat dit 'n reuse ideaal was. Vrywilligers was egter te vinde. Groenewald het ingewillig om die Evangelie van Johannes voor te berei. Die werk moes gedoen word saam met die gewone dagtaak en ander verpligtinge. Groenewald was destyds nog dekaan en dosent aan die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria.

#### 4.2.3 *Konsensieuse Groenewald: Heeltydse Bybelvertaler*

Van Zyl (1972:49) meld dat die konsensieuse prof Groenewald reeds in 1966 'n komitee van kenners van die grondtale byeengeroep het om hom met die hersiening behulpsaam te wees. Toe "... die seminaarbesluit in Julie 1968 geneem is, het sy komitee al ver gevorder met die hersiening van die Evangelie volgens Johannes. Die masjien is oorgeskakel na die 'nuwe vertalings-rat' ... en die werk was betyds klaar om onder al die lede van die vertalerseminaar versprei te word." Blykens die notule van die Hersieningskommissie (5 Julie 1968:1-2) is 'n werkprogram opgestel met die oog op die Julie 1969 vergadering te Hibberdene en die "publikasie van enkele (ses - drie OT en drie NT-Skrywer) boeke in 1970 wanneer die Bybelgenootskap 150 jaar oud sal wees." Volgens Van Zyl (DG 1984:31-32) moes die proefvertaling te Hibberdene (Julie 1969) gefinaliseer word.

Nadat Groenewald reeds veel arbeid op 'n tydelike basis aan Bybelvertaling bestee het, nader die Bybelgenootskap hom om na sy aftrede aan die einde van 1970 as heeltydse Bybelvertaler in diens te tree. In 'n brief gedateer 6 Mei 1969 skryf ds J C C Pauw, sekretaris vir vertaling van die Bybelgenootskap, dat ondervinding geleer het dat tensy daar een of meer persone op 'n vertalingskommissie is wat hulle heeltyds aan die vertaalwerk wy, Bybelvertaling uiters langzaam vorder. Gewoonlik duur dit tientalle jare voor so 'n Bybel volledig na die drukkers kan gaan. In sy antwoord gedateer 12 Mei 1969 aan Pauw skryf Groenewald dat die versoek vir hom 'n teken is van die Bybelgenootskap se vertroue in hom en spreek hy sy waardering daarvoor uit. Hy aanvaar die aanbod dog meld dat hy waarskynlik eers teen 1 April 1971 heeltyds by die Bybelgenootskap kan begin werk. 'n Belangrike nuwe fase het in Groenewald se lewe aangebreek. 'n Groot uitdaging het op hom gewag.

#### 4.2.4 Bybellelers ingelig oor reuse projek

Kort nadat besluit is om 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling die lig te laat sien, dus nog voor die verskyning van die proefvertaling, het Groenewald as Voorsitter van die Vertalingskommissie deur openbare voorlesings en artikels in die media, begin om Bybellelers uit alle sferes in te lig. Op die wyse het hy asook van die ander vertalers, die publiek betrokke by die reuse projek gekry. Vrae wat in die gemoed van die Bybellelers geleef het, kon op die wyse beantwoord word. Die spoedige aanvaarding van die nuwe vertaling het baie met sy ywer en optrede in die verband te doen gehad.

#### 4.2.5 Referaat voor SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

##### 4.2.5.1 Redes vir nuwe vertaling

Groenewald lewer 'n referaat met as onderwerp *Die Nuwe Bybelvertaling* tydens die jaarvergadering van die Akademie op 2-4 Julie 1969 te Pretoria (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Sept-Des 1969 : 193-207). Benewens die motivering wat die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap op 14 Augustus 1968 in sy besluit vermeld het, noem Groenewald 'n aantal verdere faktore. Die opvatting het vroeër bestaan dat die Bybel slegs een keer in 'n bepaalde taal vertaal hoef te word. Die Eerste Wêreldoorlog het die kerk tot die besef gebring dat die ontredde mens, veral die jong mens, 'n nuwe lewensuitsig gegee moes word. Die aangewese middel hiertoe sou 'n nuwe Bybelvertaling wees. Verskeie nuwe vertalings het die lig gesien, byvoorbeeld ten opsigte van die *King James Version* (1610) het die *Revised Standard Version* in Amerika (NT in 1946) verskyn en ten opsigte van die *Statevertaling* (1610) het die nuwe vertaling van die Nederlandse Bybelgenootskap (NT 1939) verskyn. Hierdie bewegings lei, aldus Groenewald, tot die oortuiging dat die Bybel elke 30 of 40 jaar opnuut vertaal behoort te word.

In die lig van die ontwikkeling op verskeie gebiede is besluit om 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling te onderneem. Die vertaling van 1933 was gegrond op die *Textus Receptus*, dit wil sê dieselfde grondteks wat vir die *Statevertaling* (1638) gebruik is. Die vertalers van die *1933 Afrikaanse Bybel* het so na as moontlik aan die *Statevertaling* waaraan die mense gewoon was gehou. In baie gevalle is die woordkeuse en idioom vir die hedendaagse leser vreemd en selfs onverstaanbaar. Al die genoemde oorweginge pleit vir 'n nuwe vertaling.

Groenewald se eerbied vir die Woord kom na vore wanneer hy die vraag na die taalvorm waarin die nuwe vertaling gegiet moet word, behandel. "Die Bybel is 'n eiesoortige boek en moet as sulks behandel en benader word. Dit bevat die mees verhewe inhoud wat aan die mens bekend is, naamlik die heilsopenbaring van God... Die gevolg is dat gestreef word na 'n verhewe taalvorm, liefse deftiger as wat in die omgang gehoor word." Dit beteken egter nie dat die Bybel 'n ander taal moet praat as wat die leser ken en verstaan nie. Daar moet dus 'n taalvorm gevind word wat waardig is om die verhewe inhoud te vertolk, maar wat ook so bekend is dat die volk aangegryp word wanneer hy die groot dade van God in eie taal hoor. Om hierdie taalvorm te vind, vereis omvattende kennis van Afrikaans as spreek- en skryftaal, 'n fyn aanvoeling vir die betekenis van woorde en segswyses en 'n gesonde oordeel vir wat in die breedste lae van die volk aanvaarbaar is. Dié taalvorm kan beskryf word as die "*common language*", dit wil sê in die taalvorm wat aanvaarbaar sowel as toeganklik is vir die grootste moontlike aantal Afrikaanssprekendes.

##### 4.2.5.2 Grondteks

Groenewald het gemeld dat die Britse geleerdes Westcott en Hort in 1880 oortuigend bewys het dat die tekstipe van die *Textus Receptus*, waarop die 1933-vertaling gebaseer is, nie die oudste of betroubaarste is nie. Die uitgawe van die grondteks van die NT wat hedendaags by alle wetenskaplike arbeid gebruik word, is die Nestlé-tekst. Laasgenoemde is versorg deur Kurt Aland en is bekend as die Nestlé-Aland-tekst. Die Bybelgenootskappe wat met Bybelvertaling te doen

het, het 'n gesaghebbende Griekse teks voorberei wat vir alle vertalings kan dien. Hierdie teks het in 1966 verskyn en staan bekend as die teks van die *United Bible Societies*. Laasgenoemde teks is deur die Bybelvertalers saam met die Nestlé-Aland-teks gebruik.

#### 4.2.5.3 *Metode van vertaling: Betekenis en boodskap*

Groenewald bespreek ook sekere aspekte rakende die metode van vertaling wat gevolg is. Hy wys daarop dat die tradisionele reëls van vertaling steeds gewaardeer word, maar dat dit nie meer genoegsaam is nie. Destyds is gevra: Hoe moet vertaal word?, terwyl die nadruk vandag lê op die vraag: Waarom moet vertaal word? In die algemeen is die tendens nie meer om soos in die verlede woord vir woord te vertaal nie, maar liever betekenis vir betekenis. Die verbale vertaling van die verlede is nie meer aanvaarbaar nie, die hoofdoel is nou om die betekenis en boodskap van die oorspronklike teks aan die kontemporêre leser in sy eie idioom oor te dra. Hy sluit sy referaat af deur 'n beroep te doen op vakmanne op die gebied van die antieke tale en van die Afrikaanse taal, asook elke belangstellende Bybelleser wat 'n wenk aan die hand wil doen, om van hulle te laat hoor. Hy sluit af met 'n belangrike mededeling: "Ons wil graag 'n vertaling aanbied wat werklik die Afrikanervolk in sy hart sal tref met die Woord van God, en wat deur die volk ook van harte aangegryp sal word" (TGW 1969:207).

#### 4.2.6 *Jaar vir die Bybel: vrese, onkunde besweer en kritiek hanteer*

Die jaar 1970 was bekend as "Bybeljaar". Groenewald wat die rubriek *Vraebus* in *DK* behartig het, skryf in die uitgawe van 4 Februarie 1970 (176) dat dit 'n gedenkjaar is omdat dit 150 jaar gelede is dat die Bybelgenootskap in SA gestig is. Aandag sal gevestig word op die werk van die Bybelgenootskap en die betekenis van die Bybel in die lewe van die enkeling, die huisgesin, die kerk en die volk. Die Bybelgenootskap het in dié anderhalf eeu 'n geweldige aandeel gehad in die totstandkoming van die Afrikaanse Bybelvertaling asook ander vertalings. Hy skryf: "Ook in ons rubriek wil ons graag vanjaar besondere aandag skenk aan vrae oor die Bybel en sy vertaling en verklaring. Ons begin met die beantwoording van 'n paar vrae in dié verband wat ons reeds ter hand gekom het." Vervolgens behandel hy twee vrae volledig met betrekking tot die grondteks van die NT en die tekslesing van 1 Joh 5:7 in gewone Afrikaans sodat die gewone leser dit kan begryp.

In haar tesis ter verkryging van die graad Magister in Biblioteekkunde aan die Universiteit van Stellenbosch deur M E Turley, bibliotekaris van die Bybelgenootskap in Kaapstad, met die onderwerp: *Die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling 1968-1988: 'n Geselekteerde Bibliografie* (Des 1968), verskyn verwysings van teologiese en ander artikels, nuusberigte, ens, wat in die kerklike en sekulêre media met betrekking tot die NAV in die belangrike tydperk verskyn het. Dit is 'n baie belangrike publikasie met betrekking tot die ontstaansgeskiedenis van die NAV. Die oorheersende bydrae wat Groenewald as Bybelvertaler gespeel het in vergelyking met ander Bybelvertalers (wat uiteraard ook belangrike bydraes gelewer het), blyk uit dié publikasie. Volgens Turley het hy van al die vertalers verreweg die meeste op vrae en kritiek op die nuwe vertaling skriftelik reageer ten einde onkunde en vrese te besweer. Sy het 'n rekord van alle navrae gehou.

Groenewald het op 'n energieke wyse elke geleentheid benut om die verskyning van die NAV te bevorder, deur inligting te publiseer, verslag te lewer, vrae in die media en persoonlike briewe wat aan hom gerig is eerlik en reguit te beantwoord, probleme te erken en te bespreek asook saam na oplossings te soek, verdienstelike aanbevelings of kritiek te erken, referate tydens akademiese byeenkomste te lewer en allerlei vergaderings soos vrouebyeenkomste toe te spreek.

Hy het uitmuntend daarin geslaag om die opgewondenheid en die uitdaging verbonde aan die opdrag om die Bybel opnuut in Afrikaans te vertaal soos dit in die harte van die vertalers geleef het, tot die Bybelleser en publiek oor te dra. Uiteindelik is met afwagting na die verskyning van die NAV uitgesien. Iets van Groenewald se statur as kinderlike gelowige en teoloog, maar ook as

Bybelkenner, -vertaler, en -wetenskaplike blyk uit Turley se bibliografie, sonder dat dit enigsinso bedoel was. As bibliotekaris was sy werksaam waar die hart van die Bybelgenootskap klop en die geboorte aan die NAV in detail gemonitor is. Met betrekking tot Groenewald se lesing te Turfloop in 1967: *Afrikaans New Testament Problems* (waarna reeds verwys is), verskyn die volgende nota by haar verwysing na dié referaat: “Hierdie lesing is een van die faktore wat tot die begin van ’n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans gelei het” (M E Turley, 1989:56 par 59).

#### 4.2.7 Die Proefvertaling

Groenewald was lid van die subkommissie wat die finale persmanuskrip van die proefvertaling moes voorberei. Die publikasie van dié vertaling in 1970 sou ’n belangrike barometer wees waaraan die vertalers kon toets of hulle op die regte spoor met die beoogde nuwe vertaling is. In *Hoofstad* van 18 Februarie 1971 is berig dat Groenewald ’n eksemplaar van die proefvertaling aan die rektor van die Universiteit van Pretoria, prof E M Hamman, oorhandig het. In die voorwoord van die proefvertaling verskyn die volgende inskrywing: “Die enigste gemeenskaplike vertalingsbeginsel wat dwarsdeur die vertaling loop, is die strewing van die vertalers om die Woord in duidelike, verstaanbare en waardige Afrikaans aan te bied.”

Op 29 April 1971 het Groenewald ’n belangrike openbare voorlesing op uitnodiging aan die Universiteit van Stellenbosch gelewer oor die beoordeling van die proefvertaling van die nuwe Afrikaanse Bybel (Groenewald dokument:1-20). Hy meld dat die oplaag van 25 000 binne enkele weke uitverkoop is en dat die proefneming met die proefvertaling daarin bestaan het om die reaksie van verskillende groepe van lesers te toets. Saaklik kom dit daarop neer: Hoe word die proefvertaling deur die lesende publiek - nie noodwendig die kerklike publiek nie - ontvang? Onder die “*lesende publiek*” word bedoel die geleerde en die mindergeleerde, die professionele werker en die handwerker, oud en jonk, bevoorreg en minderbevoorreg - almal wat die boekie opneem om daarin te lees (1-2).

Groenewald meld dat dit uit die eerste reaksie geblyk het dat die vertalers op die regte spoor is na aanleiding van die oorwegend gunstige kommentaar, soms selfs geesdriftig, wat ontvang is. Hy meld dat die behoefte aan ’n nuwe vertaling bevestig is en dat die metode van vertaling en aanbieding by die meerderheid byval gevind het. “Hierdie reaksie is ’n spoorslag vir die Kommissie van Vertalers wat tans al hulle kragte en kundigheid aan die groot onderneming wy, in diepe afhanklikheid van God wat sy Woord aan ons gegee het” (2 en 20).

Die volgende bedenkinge wat teen die proefvertaling uitgespreek is, het hy in sy voorlesing breedvoerig behandel (2-16) en die hoop uitgespreek dat dit sal verval na sy nadere toeligting:

- a) Daar bestaan geen behoefte aan ’n nuwe vertaling nie;
- b) Dit is net ’n verheerlikte Kinderbybel;
- c) Daar word afgewyk van die grondteks,
- d) Die taal en styl is nie goeie Afrikaans nie.

#### 4.2.8 Voortgesette werk: Vertroue in Groenewald se leiding

Van Zyl (1972:54) berig dat die Bybelgenootskap, in samewerking met die meewerkende drie Afrikaanse susterkerke, in 1970 ’n nuwe vertalingskommissie benoem het. Uit die notule van die eerste vergadering van die vertalingskommissie, gehou op 2 Februarie 1971 (1-7), het ds J T M de J van Arkel van die Bybelgenootskap in sy openingsrede genoem dat die Bybelgenootskap ’n *dinamiese* vertaling in hedendaagse Afrikaans daar wil stel en dat die nuutste Kittel Bybel en die derde druk van die Bybelgenootskap se uitgawe van die NT in Grieks, wat identies sal wees aan die 26ste edisie van die Nestlé-Alant-tekst, as grondtekst gebruik sal word. Hy het verder genoem dat die werk met spoed gedoen moet word, dat hard gewerk sal moet word en dat gereeld vergader moet word.

Die samestelling van die Kommissie was volgens die notule (2) soos volg: NHK - Proff E S Mulder, J P Oberholzer en ds G M M Pelser (al drie deelyds); Geref Kerke - Proff S du Toit (voltyds) en Tj van der Walt (deelyds) en NGK - Proff E P Groenewald (voltyds), A H van Zyl, F C Fensham, P A Verhoef, F J Botha (deelyds). Ds J I Reyneke was die vertalingskonsultant en is aangewys as skakel tussen die vertalingskommissie en die Bybelgenootskap. Groenewald word as voorsitter en proff S du Toit as ondervoorsitter, A H van Zyl as sekretaris en ds G M M Pelser as assistent-skriba gekies. Hulle sal as dagbestuur optree. Groenewald en Pelser sal by die NT groep optree en Du Toit en Van Zyl by die OT groep.

As vertalingsbeleid noem Groenewald dat die Kommissie hom moet laat lei deur die *reaksie* op die proefvertaling. Hy meld dat die werk intussen voortgaan soos daar tot dusver gewerk is. Nadat die werksmetode en werkverdeling bepaal is, is die werkprogram bepaal. Daar moet gepeup word om die NT binne drie jaar te finaliseer en die OT binne vyf jaar. Die wyse waarop die manuskripte voorberei moes word, is bepaal. Groenewald was vir Lukas verantwoordelik (Notule: 5-7). Die werk aan die vertaling van die NAB het met erns begin.

In 'n skrywe gedateer 5 Februarie 1971 aan die Hoofsekretaris van die SA Akademie, mnr Van Niekerk, versoek Groenewald namens die Bybelgenootskap die medewerking van die Akademie. "Beleefd versoek hy dat die Akademie twee raadgewers of reviseurs aanwys om ten opsigte van taal en styl die Vertalingskommissie van raad te bedien. Dit is die strewe dat die nuwe vertaling taalkundig en stilisties so na as moontlik onberispelik sal wees en daartoe is deskundige medewerking onontbeerlik." Hy het verder versoek dat die Akademierraad die name van vier of vyf vakmanne sal voorlê en dit aan die Bybelgenootskap sal oorlaat om enige twee te kies. Die name van proff W Kempen, W E G Louw, G S Nienaber en H Venter is ontvang. Al vier is deur die Bybelgenootskap benoem (Van Zyl 1972:54 en Tweede notule van 7 Junie 1971:2-3). Volgens die notule is 'n Breëkommissie vir Bybelvertaling verder benoem om die werk van die vertalers aan verteenwoordigers van die verskillende kerke bekend te stel. Dié Kommissie sal nie self vertaalwerk doen nie, maar een keer per jaar met die vertalers vergader ten einde hulle werk te bespreek. Die lede van dié Kommissie was bekwame geleerdes, naamlik proff J Helberg, S J du Plessis, W C van Wyk, A B du Toit, P F D Weiss, J Louw, J van Zijl, J J Muller en dr J L de Villiers (Van Zyl 1972:54). Dit was belangrik dat die werk van die vertalers so wyd as moontlik bekendstelling moes geniet en geëvalueer word met die oog op aanvaarding deur die publiek. Verder moes die kundigheid van akademici benut word om in eie geleedere konsensus te bewerkstellig.

Die Vertalingskommissie het met verskeie groot vraagstukke geworstel. Uit die tweede notule (van 7 Junie 1971 evd) blyk dat Groenewald geduldig na die verskillende vertalers se opinies geluister het en dan 'n opsomming of beslissing gemaak het. Die metrisering van Bybelse mate en gewigte het byvoorbeeld 'n lang bespreking uitgelok (3-4). Aan die einde is genotuleer: "Die voorsitter som die bespreking op deur te sê dat ons dus voortgaan met metrisering." Hy gee leiding aan die vergadering. Toe die proefvertaling bespreek is, het die vraag ontstaan of die vertaling dinamies moes wees (soos 1 Samuel), of nader aan die teks se woordorde gehou moet word? Na bespreking van die saak deur verskeie sprekers staan genotuleer: "Die Voorsitter deel vervolgens die vergadering mee om voort te gaan op die basis van die proefvertaling en om te kyk waar daar verbeter kan word in die rigting van 'n meer dinamiese vertaling, maar dan moet op die woordgebruik gelet word" (6). Oor die wyse van stemming en die moontlikheid dat daar verdeeldheid kon ontstaan, het Groenewald standpunt ingeneem: "Die Voorsitter spreek die vertroude uit dat ons mekaar sal vind en hoop dat daar nooit 'n stemmery nodig sal wees nie. Die saak word dus daar gelaat" (8).

Hy is 'n kenner van die Griekse taal, woordeskat en skryfwyse en was in staat om as voorsitter met gesag sy standpunt te stel. Vergelyk in die verband die bespreking van spesifieke taalvorme



(9). Hy inspireer lede van die vergadering deur aan hulle erkenning vir hul bydrae te gee en hulle te bedank vir werk goed gedoen (14). Groenewald het die volle vertroue van sy medevertalers geniet soos blyk uit sy verkiesing as voorsitter en koördineerder van die eindredaksie (Sesde notule van 5 Oktober 1973:2-3).

Volgens die derde notule van 5 Oktober 1973 is besluit om 'n eindredaksie te benoem en om 'n persoon uit hul geleedere as koördineerder aan te wys. Die eindredaksie se taak was om die manuskrip voor te berei. Die koördineerder moes almal se vertroue geniet en hulle moet oortuig wees dat hy nie gedane werk ongedaan sal maak nie. Saam met die eindredaksie sal hy verantwoordelik wees vir versaanduidings, opskrifbewoording, hoofstukindeling en finalisering van die manuskrip. Hy is die skakel met die Bybelgenootskap en met die oog op kontinuïteit moet hy heeltyds in diens van die Bybelgenootskap wees. Eventueel sal hy nie meer vertaalwerk doen nie. Hy moet die proefleeswerk doen.

Die eindredaksie is volgens die verhouding tussen die meewerkende kerke (NGK 2, NHK 1 en Geref Kerke 1) benoem. Die eindredaksie sou uit vier vertalers en een taaladviseur bestaan - vyf persone dus. Uit hierdie persone moet die koördineerder gekies word. Die eindredaksie sal nie wesenlike veranderinge in die vertalers se manuskrip aanbring nie. Dieselfde geld die koördineerder. Hy sal sake kan terugverwys na die eindredaksie en indien daar enige twyfel bestaan sal die eindredaksie dit na die vertalerskommissie terugverwys. Die vyf persone wat gekies is, is proff E P Groenewald en A H van Zyl (NGK); J P Oberholzer (NHK) en Tj van der Walt (GK), asook W Kempen as taaladviseur. Groenewald is eenparig as koördineerder aangewys. Hy sal deur prof Kempen bygestaan word. Die Bybelgenootskap sal direk met die twee persone onderhandel (Notule sesde vergadering: 1973.10.05). Harde werk het op Groenewald gewag.

### 4.3 Die Blye Boodskap 1975

Die publikasie van die *Blye Boodskap* (Evangelies, Handeling en 50 Psalms) in 1975 kan beskou word as die derde fase wat tot die verskyning van die NAB in 1983 gelei het (Die eerste fase is die besluit om opnuut te vertaal terwyl die tweede fase op die publikasie van die proefvertaling uitgeloop het). A H van Zyl (*DG* 1984: 29-32 - vgl ook sy artikel *Die Werkmetode van die Bybelvertalers* in dieselfde uitgawe) gee insig in wat agter die skerms gebeur het ten einde die vertaalwerk af te handel, die proeflees van manuskripte en om die finale produk persklaar te kry. Uit die proeflopie met die proefvertaling is baie geleer en die grondslag gelê.

Hy meld (4) dat die eintlike vertaalwerk in 1971 begin het nadat die taaladviseurs bygekom het. Na die eindredaksie benoem is, het die lede die verantwoordelikheid gekry om die finale teks van die vertaling vas te stel. Die voorbereiding van die persmanuskrip "eis noukeurigheid, opmerkzaamheid en toewyding; noukeurigheid omdat elke verandering aangeteken moet word, elke komma op sy plek moet wees; opmerkzaamheid omdat jy veral by die sinoptiese evangelies daarop moet let dat ooreenkomste eenders en kleiner verskille anders vertaal moet wees; toewyding omdat die uitgewer altyd haastig is om die manuskrip te ontvang" (5). Die werk was ook veeleisend. Van Zyl meld verder (5) dat die Bybelgenootskap die proewe (somer baie op 'n keer) per oornagpos gestuur het. In die oggend het hy dit by die Hoofposkantoor in Pretoria gaan afhaal en dit na Groenewald se huis geneem. Dieselfde oggend moes alles gelees word en teen drie uur moes dit terug wees, op pad Kaapstad toe. Om dag na dag in sy huis met Groenewald te kon wees was volgens Van Zyl 'n voorreg.

*Die Blye Boodskap* bestaande uit die vier Evangelies, die Handeling van die Apostels en die eerste vyftig Psalms is in 1975, die eeufeesjaar van die Afrikaanse Taal, gepubliseer. Die eerste eksemplaar is op 30 November 1975 in die NG Gemeente Universiteitsoord in Pretoria aan die destydse staatspresident, dr N Diederichs, oorhandig. In al die groot stede is die publikasie tydens erediens in ontvangs geneem (M E Turley, 1989: 37). *Die Hervormer* van Februarie 1976 (5-7)

berig oor Groenewald se preek oor die gelykenis van die saaiër by geleentheid van die amptelike bekendstelling van *Die Blye Boodskap* op 30 November 1975.

Wye dekking is landswyd in die media aan die verskyning van *Die Blye Boodskap* gegee. Die menings van gewone Bybellesers sowel as sogenaamde kenners was positief. *Die Volksblad* van 15 Augustus 1975 meld dat die nuwe vertaling volgens kenners dinamies is en verwys na die menings van drie akademië (prof J C Lombard, dr D N Pienaar en A H Snyman) verbonde aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat. Die aanvraag was oorweldigend. *Die Burger* van 12 Februarie 1977 berig dat daar op daardie stadium reeds 300 000 eksemplare gedruk is.

*The Argus* van 15 Desember 1975 berig dat die “*Afrikaans Bible is a best-seller*” en meld dat 50 000 kopieë binne die eerste tien dae na publikasie verkoop is. *Die Vaderland* van 22 Maart 1976 berig dat *Die Blye Boodskap* ’n blitsverkoper is en dat die derde druk reeds in Julie 1976 gepubliseer sal word. Die berigte en korrespondensie het oorwegend die boodskap gedra dat die Bybelvertalers besig is om ’n sukses van hul werk te maak. Daar was ’n oorweldigende aanvraag na die nuwe vertaling van die Afrikaanse Bybel. Dit moes die vertalers tot innerlike dankbaarheid gestem het en beslis bygedra het dat hulle met nuwe ywer hul werk kon voortsit.

#### 4.4 Die Nuwe Testament en Psalms: 1979

Die vierde stadium in die publikasie van die NAV het nou aangebreek. Die vertalers het hulle algaande in ’n roetine bevind en die werk het gevorder. M E Turley (1989:37) meld dat die finale manuskrip van *Die Nuwe Testament en Psalms* in die Ou Raadsaal van die Universiteit van Pretoria volgens *Die Transvaler* van 27 Februarie 1979 aan die Bybelgenootskap oorhandig is. Die afronding, drukwerk en finale proeflees het daarna geskied.

In *DK* van 1 Augustus 1979 (134-135) met as opskrif “*Augustusmaand is Bybelmaand*” in sy rubriek *Vraebus*, gee Groenewald ’n historiese oorsig van beide die ou en nuwe vertalings tot en met die vertaling van *Die Nuwe Testament en die Psalms* in 1979. Die eerste eksemplaar van *Die Nuwe Testament en Psalms* is op 24 Augustus 1979 tydens ’n geleentheid in Bybelhuis, Kempton Park aan die staatspresident, mnr Marais Viljoen oorhandig (M E Turley 1989:37). Die deel van die Bybel waarvoor Groenewald as Nuwe Testamentikus verantwoordelik was, was nou grootliks afgehandel. Veranderinge kon nog aangebring word, maar die groot werk was voltooi.

Dit was ’n dankbare geleentheid vir Groenewald en die ander vertalers asook vir die Bybelgenootskap. Ds G E van der Merwe, hoofsekretaris van die SA Bybelgenootskap, het by die geleentheid genoem dat die gehalte van die werk bo verdenking is – van die kundigste en bekwaamste taalkenners het daaraan gewerk. “Hulle was volkome in beheer van die oorspronklike grondteks – beide Grieks en Hebreeus en hulle het ’n werk gelewer wat die toets kan deurstaan ... Dit is ’n betroubare vertaling vir hierdie geslag – nie onfeilbaar nie, want dit bly mensewerk ...”. Hy het gemeld dat 40 persent van die werk voltooi is en dat volstoom aan die res gewerk word.

Groenewald het die bekendstelling en oorhandiging van *Die Nuwe Testament en Psalms* aan Staatspresident Viljoen, waargeneem. Hy het genoem dat die publikasie die voortsetting van die geskiedenis van die Bybel in Afrikaans is en die historiese verloop van die nuwe vertaling tot datum gegee. Hy het na die volgende beweegredes wat die nuwe vertaling genoodsaak het in ’n tyd van ongekende vooruitgang van wetenskaplike navorsing op elke terrein verwys: Navorsing van die grondteks, die grondtale, die vertaalmetode en die Afrikaanse taal. Oor elk van die vier beweegredes het hy in kort toeligtig verskaf. Die navorsing op die gebied van die grondtale, Hebreeus en Grieks, het uitgeloop op semantiese en linguïstiese studies wat nuwe lig op die gebruik van betekenis van woorde gewerp het. Dit het meegebring dat foutiewe vertolkings van vroeër reggestel is, tot voordeel van die eksegeese en die vertaling.

Hy het daarop gewys dat die ontwikkeling op die gebied van die vertaalwetenskap bewys het dat ’n letterlike vertaling nie aan die grondteks of aan die moderne leser reg laat geskied nie.

Daarom is 'n nuwe metode aanvaar waarvolgens die betekenis van die grondteks van groter belang geag word as die letterlike weergawe daarvan.

Met betrekking tot die Afrikaanse taal het hy daarop gewys dat die omgangstaal in die afgelope veertig jaar heelwat groei ondergaan het. “Maar in alle opsigte is daarna gestreef om 'n goeie, korrekte en aanvaarbare Afrikaans te gebruik...” (E P Groenewald: Nuwe Testament en Psalms - Nuwe vertaling 1979: Getikte toespraak 1-5; Argief SA Bybelgenootskap, Kaapstad).

#### **4.5 Nuwe Afrikaanse Bybel: 1983-vertaling**

Die vyfde fase in die geskiedenis van die NAB het nou aangebreek. Van Zyl (1984:31-32), meld dat na die publikasie van *Die Nuwe Testament en die Psalms* in 1979, “het daar nog 'n berg van vertaalwerk voorgelê.” Hy (6-7) beskryf die veeleisende prosedure wat gevolg is voordat die finale teks deur die eindredaksie gefinaliseer is. Verskillende kleur papier is vir elke stap van die vertaling gebruik. Gedurende 1981 “het ons besef: die vertaalwerk kan klaar kom en alles kan teen November 1982 op wit finaal wees.” Anders as in 1979 toe die volledige stel plegtig aan die Bybelgenootskap oorhandig is, is die manuskrip drukkers toe nadat die eindredaksie dit goedgekeur het. Die laaste is op 24 November 1982 afgehandel.

Hy meld dat die eerste drukproewe van die OT in 1983 gekom het en gebruik is om die finale teks gereed te maak. Twee take is gelyktydig verrig: proeflees en teksfinalisering. Die eerste vergadering van die eindredaksie is in Kaapstad vanaf 14 Maart tot 17 Maart 1983 gehou. Op 28 Maart kon die finale teks, as gekorrigeerde drukproef, van Genesis tot Josua teruggestuur word. So het dit met die hele Ou Testament gegaan tot by Maleagi 4:6 wat op 20 Julie 1983 om 17:15 afgehandel is deur die eindredaksie en op 22 Julie deur die sekretaris gefinaliseer is.

Gedurende die eerste sewe maande van 1983 is die Nuwe Testament ook hersien en waar nodig met die Ou Testament gekoördineer (Van Zyl, *DG* 1984:31-32). Dit het meer tyd in beslag geneem as wat aanvanklik gedink is. Hy meld dat die hersiening van die NT meer ingrypend was as wat verwag is. Veranderinge is in die 1979 teks aangebring, aanhalings uit die OT moes gekontroleer en waar moontlik gekoördineer word. Verskeie probleme het opgeduik soos die spelling van eiename. In die pamflet *Augustusmaand is Bybelmaand* (5 Aug 1985:2) meld hy dat die nuwe vertaling in Augustus 1983 finaal verwerk is en die redaksie voltyds met die proeflees van die manuskripte besig was. “Voor die einde van daardie gedenkjaar (goue jubileum van die Bybel in Afrikaans 1933-1983) kon die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans by 'n feestelike geleentheid in Kaapstad deur die Bybelgenootskap bekendgestel word. Dit was op 2 Desember 1983.”

Dit was Groenewald beskore om na jare van harde werk as voorsitter van die Eindredaksie die eerste eksemplaar van die voltooid nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans aan die staatspresident, mnr Marais Viljoen op 2 Desember 1983 te oorhandig (Toespraak deur Prof E P Groenewald by geleentheid van die publikasie van die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans: 1-4: Persverklaring: Argief SA Bybelgenootskap, Kaapstad). Hy het in sy toespraak stilgestaan by 'n terugblik en 'n vooruitskouing. Ten opsigte van eersgenoemde het hy sy dank betuig teenoor 'n groot aantal instansies en persone wat oor 'n periode van vyftien jaar die nuwe vertaling ondersteun en bevorder het of daaraan aktief meegewerk het – so ook diegene wat voorbeelding vir die werk gedoen het (Toespraak :2-3).

Die laaste vergadering van die Eindredaksie het op 2 Desember 1984 plaasgevind. Nadat Groenewald 'n groot aantal instansies, persone en sy kollegas op die Eindredaksie bedank het, het hy gesê: “...laaste en allerbelangrikste...ons ootmoedige dank aan God Almagtig.” Hy het verder genoem: “Ons is oortuig dat die gedagte aan 'n nuwe vertaling van die Here gekom het. Hy het sy dienaars toegerus met gawes van hart en verstand, en hulle deur die jare bekwaam gemaak vir hierdie besonderere opdrag. Hy het die lewe van die meerderheid gespaar om vandag die vreugde

van die voltooiing van die taak te beleef. Met eerbied dink ons aan kollegas wat ons ontval het: proff E S Mulder, S du Toit en W E G Louw. Maar aan ons hier skenk die Here die voorreg om die nuwe vertaling in druk te sien en om dit aan te bied aan almal wat gretig uitsien om die Woord van God opnuut in Afrikaans te ontvang... Hierdie werk is van die Here. Aan Hom kom al die eer en dank toe” (Notule:1-4). Volgens die notule het die NGK reeds die vertaling goedgekeur vir gebruik in die kerk en dit sal op 5 Februarie 1984 amptelik in gebruik geneem word.

Die verslag van die Algemene Kommissie vir Bybelverklaring en Bybelvertaling, waarvan Groenewald die voorsitter was, het voor die Algemene Sinode van 1986 gedien (Agenda vir die sewende vergadering van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk te Kaapstad 14 -25 Oktober 1986:433). In paragraaf 1.3 van die verslag word gemeld dat Groenewald, “wat sedert die ontstaan van die Kommissie vir Bybelverklaring (Raad van Ned Geref Kerke, Pretoria, Maart 1941) onafgebroke daarin gedien het, ... die leeftyd bereik het dat hy vir herbenoeming nie meer in aanmerking kom nie.” Die Sinode het ’n besondere woord van dank gerig aan Groenewald wat as voorsitter van die Kommissie van Vertalers en van die Eindredaksie gedien het (notule van die Algemene Sinode 1986:694). Die Sinode het die volgende mosie ten opsigte van Groenewald aanvaar (Notule 1986:694, vgl Agenda 1986:18): “Met opregte dank en waardering word kennis geneem van die jare lange toegewyde arbeid deur prof E P Groenewald as voorsitter ... van die eindredaksie ... Oor ’n tydperk van 28 jaar het hy sy besondere gawes van hoof en hart volkome en onbaatsugtig gegee vir hierdie sentrale taak in die kerk, naamlik die Bybel in Afrikaans. Die historiese geleentheid toe prof Groenewald ... vereer is met (’n) eredoktoraat deur die Potchefstroomse Universiteit vir CHO op 26 September 1985, word met waardering vermeld en getuig van die hoë agting en waardering wat hy as persoon en vakkundige in wye kringe geniet.”

Tydens die spreekbeurt wat aan die bejaarde Groenewald gegee is, het hy gesê dat dit vir hom ’n emosionele oomblik is, omdat dit eintlik sy afskeidswoord aan die kerk is. “Hy kan alleen sê dat ook hy deur die genade van God is wat hy is.” Die vergadering het daarna vir hom Ps 134:4 as seënbede toegesien (694). Die gebeure in die Sinode was vir Groenewald sowel as die lede van die vergadering roerend en onvergeetlik.

#### **4.6 Herformulerings na 1983**

Die SA Bybelgenootskap het in 1979 die inisiatief geneem om ’n Kerklike Skakelkommissie daar te stel om kerkverbande en denominasies geleentheid te gee om op die vertalingswerk wat gedoen is, te reageer. Op 1 Maart 1979 is Groenewald as voorsitter gekies. Na die publikasie van die nuwe vertaling in 1983 het die Skakelkommissie oorgegaan in die Kerklike Advieskomitee (1984) waarvan Groenewald die voorsitter tot 30 Augustus 1989 was. Hy is opgevolg deur prof J P Oberholzer. Hy is egter gekies as erelid van die Kerklike Advieskomitee (Inligting SA Bybelgenootskap, Kaapstad). Sodoende het hy skakeling met die Bybelgenootskap en die NAV, lank na die publikasie daarvan, behou. Sy meelewing en betrokkenheid op so ’n rype leeftyd (in Augustus 1989 was hy reeds 84 jaar oud) is merkwaardig.

Na die verskyning van die NAB in 1983 het die Bybelgenootskap verklaar (Voorwoord elfde uitgawe – tweede druk 1992) dat “dit sedertdien nodig gevind is om na versigtige en baie deeglike oorweging sekere herformulerings goed te keur, wat tydens daaropvolgende herdrukke in die gepubliseerde teks aangebring is. Die elfde uitgawe bevat al die herformuleringe tot op datum.” Groenewald was grootliks met die groot en moeilike taak gemoed om foute en onduidelikhede aan die NAV reg te stel of duideliker formuleringe asook taalkundige verbeteringe aan die NAV te laat aanbring. Hy het as Voorsitter van die Eindredaksie, die grootste deel van die vele navrae en aanbevelings behartig. Volgens die “Voorwoord” (elfde uitgawe) word geen verdere herformulerings in die nabye toekoms oorweeg nie. Uiteindelik was Groenewald se werk as Bybelvertaler voltooi!

## 5. BYDRAE TOT BYBELVERTALING AS WETENSKAP

In sy referaat *Die Nuwe Bybelvertaling* (TGW, Sept-Des 1969:193-207) het Groenewald redes vir 'n nuwe vertaling aangevoer. Hy het genoem dat daar gedurende die afgelope 40 jaar groot veranderinge en vooruitgang op alle vakgebiede ingetree waarmee rekening en tred gehou moet word. Dit geld ook die terrein van Bybelvertaling waar met vooruitgang op 'n groot verskeidenheid gebiede van die wetenskap rekening gehou moet word. Die mees belangrike gebiede wat vir die Bybelvertaler van kardinale belang is, is die volgende: (a) Die groei van die Afrikaanse taal en taalwetenskap. Dit is duidelik indien 'n dagblad uit 1933 met een uit 1969 vergelyk word. (b) Navorsing op die gebied van die antieke taal- en kultuurgeskiedenis. Nuwe argeologiese materiaal het aan die lig gekom, selfs nuwe manuskripte van Ou- en Nuwe Testamentiese boeke asook 'n massa gegewens van taalkundige belang. Die materiaal is ondersoek en die resultate tot beskikking van die Bybelvertaler gestel. (c) Navorsing op die gebied van die grondteks van die Bybel het voortgegaan ten einde die grondteks so suiwer as moontlik te reconstrueer. Twyfelagtige tekslesings is ondersoek ten einde die betroubaarste lesing te vind. Die resultaat is dat ons vandag oor 'n grondteks beskik waarvan verklaar kan word dat dit vir meer as 99% ooreenstem met die teks van die oorspronklike kopieë van die boeke van die Bybel. (d) Die ervaring deur die Bybelgenootskappe oor jare opgedoen, het die vertaalkuns bevorder en op 'n nuwe vertaalwetenskap uitgeloop.

Van Zyl en Swanepoel (1972:36-44) wys daarop dat Bybelvertaling vandag vir Bybelvertalers 'n geleentheid geskep het om deeglik en akademies- verantwoord onderlê te word in die vertaalwerk. Deur sy publikasies het Groenewald baie bygedra om die Afrikaanse Bybel meer verstaanbaar vir die lesers te maak. In Augustus 1983 het Groenewald 'n lesing aan sy Alma Mater (US) met as onderwerp: *Die Afrikaanse Bybel (1933-1983) in perspektief beskou*, gelewer. By die goue jubileum geleentheid het die Teologiese Kweekskool in samewerking met die gemeente van Stellenbosch 'n feesprogram aangebied. In die NGTT van Januarie 1984 lewer die Redakteur verslag oor die feesgeleentheid (1) en is Groenewald se toespraak ook gepubliseer (8-17). Volgens die Redakteur was die hoogtepunt "sekerlik die skitterende lesing van prof E P Groenewald. Die studente van sy Alma Mater het hom staande toegejuig. Soos een man het ons wat die lesing bygewoon het, gesê dit moet in ons blad gepubliseer word." In die 1984 uitgawe van *Deo Gloria* verskyn 'n aantal artikels van vertalers wat by die vertaling van die NAV betrokke was. In sy bydrae het Groenewald kortliks na "*Die ontwikkeling van die Bybelvertalingswetenskap*" verwys (DG 1984:12).

Hy wys daarop dat die verskyning van die Afrikaanse vertaling van die Bybel in 1933 vir Afrikaanssprekendes meermale as die heel belangrikste gebeurtenis van die twintigste eeu getipeer is. Hy het die Afrikaanse Bybelvertaling in perspektief probeer stel by wyse van 'n vyftal faktore, onder andere die "Die perspektief van die vertaalwetenskap". Hy het daarop gewys dat die vertaalwetenskap die afgelope vyftig jaar nuwe bane geopen het. In die ontwikkelingsgang het die 1933-vertaling 'n bepaalde plek - dit val in die tydperk van die letterlike vertaling. Deur die letterlike vertaalmetode te volg en vas te hou aan die *Statevertaling* was die resultaat nie onberispelik nie. Hy het gesê dat "... egte Afrikaanse segging moes dikwels plek maak vir ietwat stroewe Nederlandse woordorde of segging; soms is selfs die Griekse of Hebreeuse woordorde of sinskonstruksie gevolg en skade gedoen aan die Afrikaanse idioom. Nederlandse woorde is gebruik ongeag of hulle in Afrikaans nog dieselfde betekenis behou het. Selfs die punktuasie van die grondteks en in baie gevalle van die Statebybel is gevolg. Dit loop uit op 'n groot aantal eidelose lang sinne wat vir die leser die goeie begrip bemoeilik." In die verband vergelyk hy die vertaling van Rom 9:27-28 en 2 Kor 6:11-13 in onderskeidelik die 1933- en 1979-vertalings. Hy het verder Joh 3:16 (in die 1933-vertaling) as voorbeeld gebruik (14) om te wys op gevalle waar

die letterlike weergawe van die grondteks goed en reg klink, maar by ontleding volkome foutief blyk te wees. Die letterlike vertaling van 1933 lewer 'n uitspraak wat strydig is met die betekenis en bedoeling van die grondteks. Daarom word reeds in 1979 (*Die Blye Boodskap*) vertaal: "God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê". In die 1933-vertaling is eers vertaal en daarna verklaar, meld Groenewald: "Daarteenoor het Hiëronimus reeds die stelling neergelê: 'Alleen wat ek verstaan, kan ek vertaal'."

Volgens Groenewald het die tekortkominge van die letterlike vertaling in die naoorlogse jare in Europa en Amerika skerp aan die lig gekom. Die vertaalwetenskap het 'n nuwe weg ingeslaan waarin groter waarde geheg is aan die bedoeling van die grondteks as aan die letterlike weergawe daarvan. Die navorsing en publikasies van dr Eugene Nida was hierin rigtinggewend. Sy riglyne van dinamiese ekwivalensie is toegepas in die *Good News* vertalings wat in verskillende tale verskyn het. In Engeland en Europa het derhalwe nuwe vertalings verskyn. Hy wys daarop (15) dat die ou vertalings op sigself groot waarde het, "maar 'n nuwe tyd het 'n nuwe benadering noodsaaklik gemaak." In sy tyd het die 1933-vertaling onberekenende waarde gehad, maar nou het die tyd gekom dat dit moet plek maak vir 'n nuwe vertaling, die vrug van die vertaalwetenskap. Hy wys pertinent daarop (16-17) dat die 1933-vertaling nie meer die taal van vandag praat nie.

Met die publikasie van die 1983-vertaling en die gebruikmaking van die vrug van die vertaalwetenskap het 'n nuwe era vir Afrikaanse Bybelvertaling aangebreek. 'n Nuwe studieveld is geopen wat wag om deur navorsers verken te word. Op die nuwe pad het Groenewald gehelp om die fondament te lê. Al was hy volgens sommige van sy medevertalers nog versigtig om drasties van die 1933-vertaling af te wyk, kan 'n nuwe geslag vertalers, hopelik met dieselfde erbid vir die Skrif, op die gebaande weg voortgaan.

Groenewald het 'n aandeel gehad in die stigting van die Buro vir Bybelvertaling aan die Universiteit van Pretoria, waar navorsingswerk oor Bybelvertaling gedoen en gekoördineer kan word. Die Buro het 'n belangrike bydrae tot die vertaling van die NAV gelewer. Op 6 Junie 1989 berig *Die Burger* dat Groenewald die vorige dag in Kaapstad 'n bedrag van R25 000 aan die Bybelgenootskap geskenk het vir die bevordering van vertaling as 'n wetenskap. Volgens die berig het Groenewald by die oorhandiging gesê dat hy hoop dat die skenking sal bydra tot vertaling as wetenskap en tot suiwer en helder vetalingswerk, getrou aan die grondteks van die Bybel. Hy het die hoop uitgespreek dat die Bybelgenootskap die pas gestigte intertale-kommunikasiesentrum in Pretoria geldelik sal bystaan.

## 6. ERFENIS VAN GROOT WAARDE

Groenewald het deur sy persoonlike bydrae tot Bybelvertaling en die Bybelvertalingswetenskap 'n erfenis van groot waarde nagelaat. In die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling sal sy naam altyd eervol vermeld word. Op die fondament wat hy saam met ander vertalers ten opsigte van die metodiek van Bybelvertaling gelê het, kan die nuwe geslag vertalers voort bou. Die NAV van 1983 is vir die Afrikaanssprekende gelowige die Woord van God wat hom in sy moedertaal aanspreek. Hierop kan met dankbaarheid teenoor die Here getuig word: " 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi" (Ps 16:6).

## BIBLIOGRAFIE

### A. Argivale bronne

Bybelgenootskap van Suid-Afrika Kaapstad. Voordrag gelewer te Bybelvertalerseminaar te Turfloop op 1967.07.14. *Afrikaans New Testament Problems*.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Referate gelewer te Turfloop op 1967.07.14: *The theory and practice of translation*. 1969.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Lesing aan US Augustus 1983: *Die Afrikaanse Bybel (1933-1983) in perspektief beskou*.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika. *Notule van Nasionale Raad 1979.08.24*.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika. *Notule van Eindredaksie van NAV 1984.12.02*.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika. *Notule van Hersieningskommissie NAV 1968.07.05*.

Bybelgenootskap van Suid-Afrika. *Notule van Vertalingskommissie NAV 1973.10.05*.

Nederduits Gereformeerde Kerk 1951 en 1955. *Handelinge Raad van Kerke*.

#### B. Periodieke publikasies

Deo Gloria 1984.

Die Burger 1977.02.12 en 1989.06.06.

Die Hervormer Februarie 1976.

Die Kerkbode 1970. 02.04; 1979.08.01.

Die Saaier 1978.

Die Transvaler 1979.02.27.

Die Vaderland 1976.03.22.

Die Volksblad 1959.05.22; 1975.08.15.

Hoofstad 1971.02.18.

Nuwe Testamentiese Teologiese Tydskrif 1984 (1); 1989 (4).

Matieland April 1971.

Pamflet 1985(2).08.02. *Augustus is Bybelmaand*.

The Argus 1975.12.15.

Tydskrif vir Geesteswetenskappe September – Desember 1969.

#### C. Algemene literatuur

Du Toit, S s.j. *Aandeel van Prof JD du Toit aan die Afrikaanse Bybelvertaling*.

Groenewald, E P. 1932. *Koinonia (Gemeenskap) by Paulus*. Delft, NV WD Meinema.

Smit, A P 1970: *God het laat groei*. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Terblanche, S S 1998. *Die lewe en werk van Evert Philippus Groenewald in kerkhistoriese perspektief*. Ongepubliseerde D.Th-proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika. (Promotor: prof. J.W. Hofmeyr, UP).

Turley, M E 1968. *Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling 1968 – 1988: 'n geselekteerde bibliografie*. MA verhandeling. Universiteit Stellenbosch.

Van Zyl, A H en Swanepoel, F A 1972. *Waarom 'n nuwe Bybelvertaling?* Pretoria: NG Kerkboekhandel.